Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys
Ontstaan 1869
50 jaar selfstandig 2001

**WETENSKAPLIKE BYDRAES**
**REEKS H: INOUGURELE REDE NR. 168**

# DEELNEMENDE AKSIE-NAVORSING AS MODEL VIR BENUTTING DEUR GESONDHEIDSWETENSKAPLIKES

**Prof H Strydom**

**Inougurele rede gehou op 17 Augustus 2001**

**Publikasiebeheerkomitee**
**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**
**Potchefstroom**
**2520**

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Publikasiebeheerkomitee
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2520 POTCHEFSTROOM

Kopiereg © 2001 PU vir CHO

**ISBN** 1-86822-393-0

ABSTRACT

In Participatory Action Research the focus is on the involvement and participation of all the role players in the particular research project. Up to this stage uncertainty exists about the relationship between community development and the PAR model. Eventually in this model the process of community work and the research prcess takes hands and the boundaries between them become vague. PAR is widely endorsed as consistent with health professionals' commitment to social justice – PAR promises to connect local action to large-scale, progressive social change. The researcher remains responsible for the research process and the community worker should act on the recommendations of the researcher in order to improve the quality of life in the particular community. In this article the appropriate terminology has been defined, the characteristics, the process and the data-collection techniques of the PAR model identified and the advantages and disadvantages of the model evaluated.

DEELNEMENDE AKSIE-NAVORSING AS MODEL VIR BENUTTING DEUR GESONDHEIDSWETENSKAPLIKES

## 1. INLEIDING

In Deelnemende Aksie-navorsing (ook die DAN Model genoem) vind navorsing en aksie ter oplossing van 'n konkrete probleem/remming in 'n bepaalde gemeenskap feitlik gelyktydig plaas en word beide begrippe in hierdie model verdiskonteer. Hierdie model beoog dus om navorsing met direkte dienslewering te kombineer wat dus tot voordeel van die betrokke gemeenskap moet strek. Tot op hierdie stadium is daar steeds onsekerheid oor die verhouding tussen gemeenskapsontwikkeling/gemeenskapswerk en navorsing, bedoelende waar die een proses op hou en die tweede begin.

Tans word die grense tussen die twee prosesse al hoe onduideliker en word daar dikwels beklemtoon dat dieselfde persoon die navorsing en die gemeenskapswerk moet doen. Aan die ander kant word die uitkomste van die proses bevoordeel as ten minste twee professionele persone betrokke is – die navorser wat verantwoordelikheid vir die navorsingskomponent aanvaar en die gemeenskapswerker vir die implementering, deurvoer en evaluering van die voorgestelde oplossing tot die probleem in die gemeenskap. In hierdie aanbieding val die klem hoofsaaklik op die navorsingskomponent van die onderwerp, al kan die twee aspekte nie werklik waterdig van mekaar geskei word nie.

Gesondheidswetenskaplikes, en dan spesifiek Psigo-sosiale gedrags-wetenskaplikes, kom voor die filosofiese dilemma te staan dat hulle wetenskaplike navorsing volgens die eise van die eerste wêreld moet onderneem, maar terselfdertyd volgens die eise van ontwikkelende lande moet op tree. In ontwikkelende lande is begrippe soos koste-doeltreffendheid, benutbaarheid, beperkte fondse, kapasiteitsbou, ontwikkelingsgerigtheid, die vinnige oplossing van probleme en positiewe korttermynreaksie, belangrik in navorsing (Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997).

Deelnemende Aksie-navorsing word erken as gesondheidswetenskappe se antwoord op en erkenning van hul betrokkenheid by maatskaplike regverdigheid – die model hou die belofte in om plaaslike aksie te laat uitkring na grootskaalse maatskaplike verandering (Healy, 2001:93). In hierdie aanbieding word die toepaslike begrippe, die kenmerke, die proses en die data-insamelingstegnieke wat in hierdie model benut kan word, behandel. Ter afsluiting sal die voordele en nadele van die model op 'n evaluerende wyse verdiskonteer word.

## 2. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Gesondheidswetenskaplikes moet die talle vrae wat tans in die wydste betekenis van die begrip gesondheid in hul daaglikse praktyk in die vinnig veranderende omstandighede in Suid-Afrika na vore tree, beantwoord, op die behoeftes reageer en die mees realistiese uitkomste daarvoor verseker (Collins, 1999:2; DePoy et al., 1999:560; Van Rooyen, 1998:79). 'n Behoefte bestaan aan wetenskaplike navorsing wat die kennis in professionele dienste kan omskep – Deelnemende Aksie-navorsing strewe juis hierna.

Boersema & Maconachie (1995:6) en Schurink (1998:408) meld dat daar in DAN ook gepoog word om kritiese denke en sosiale bewussyn by die gemeenskap te ontwikkel. DAN behoort persone daartoe in staat te stel om aktief betrokke te raak in gemeenskaplike pogings om hul eie maatskaplike probleme aan te spreek wat ook weer hul kennis en vaardighede sal verhoog. Sodoende kan benadeelde gemeenskappe die beskikbare hulpbronne optimaal benut, hul maatskaplike funksionering en lewenskwaliteit verhoog en ook uiteindelik die maatskaplike struktuur waarbinne hulle funksioneer, verander (Babbie; 2001: 288).

Daar word soms vrae oor die wetenskaplike status van die DAN model gevra. Word navorsing wat deur die mense self onderneem en beheer word, nie aan meer as die gewone kontaminerende faktore blootgestel nie? Word daar nie aan wetenskaplike standaarde ingeboet bloot op grond van normatiewe aksie wat wesenlik deel van hierdie navorsingsparadigma is nie? Objektiwiteit en geldigheid is dus die grootste wetenskaplike besware teen hierdie model. Kondrat & Juliá (1997:44) meld dat DAN maatskaplike navorsing in elke betekenis van die woord is en dat die deelname van deelnemers in die totale navorsingsproses en ander

sake soos objektiwiteit, mag, kontrole en verhoudingstrukture in nuwe en bemagtigende terme verstaan moet word. Met maatskaplike navorsing in hierdie konteks word bydraes van alle hulpverlenende professies bedoel waar pogings om die mens se totale maatskaplike posisie te verbeter, in die vooruitsig gestel. Die volgende spesifieke begrippe is belangrik in hierdie model en verdien verdere besinning, naamlik gemeenskap, mobilisering, kapasiteitsbou, bemagtiging, menslike welstand, selfvertroue en gemeenskapsdeelname.

GEMEENSKAP word in hierdie konteks gesien as die plaaslike gemeenskap, 'n relatief klein area, 'n woonbuurt of 'n gemeenskap met gemeenskaplike belangstellings – dus 'n groep of samestelling van mense wat dieselfde fisiese en sosiale ruimte deel. In sodanige gemeenskap is mense deeglik van mekaar bewus en vind interaksie op individuele, gesins- en gemeenskapsvlak plaas. Op dié wyse word gemeenskaplike sterktes en behoeftes in die gemeenskap erken. DAN stel die gemeenskap daartoe in staat om informele ondersteuningsnetwerke in samewerking met professionele persone daar te stel wat 'n stremming op primêre, sekondêre of tersiêre vlak kan voorkom of uit die weg ruim (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1995:11; Schurink, 1998:407).

Ekonomiese welstand en emosionele stimulering van gemeenskappe word onder andere toenemend belangrik, aangesien gedwonge mobilisering met emosionele onderdrukking van die massas maklik die plek van geordende verandering kan inneem (Rahman, 1993:18). Die model fokus op die betrokkenheid en MOBILISERING van deelnemers as aktiewe agente in die proses van kennis-skepping, om 'n gemeenskaplike doelstelling te verkry en om die stremminge uiteindelik uit die weg te ruim (Rahman, 1993:17; Van Rooyen, 1998:79).

KAPASITEITSBOU verwys na die potensiaal, kapasiteit en ondersteuning van die gemeenskap om vaardighede op verskillende vlakke te ontwikkel ten einde die meesters van hul eie ontwikkelingspogings te word en die veranderinge in stand te hou en te bestuur. Dit moet vir die gemeenskap 'n leerproses wees wat gekenmerk word deur buigsaamheid en instandhouding binne 'n totale kapasiteitsbou benadering (Marais et al., 2001:325 en 404).

BEMAGTIGING is die proses waardeur persoonlike, interpersoonlike, sosio-ekonomiese en politieke mag verkry word sodat gemeenskappe self hul omstandighede kan verander (Babbie, 2001:288; Barker, 1995: 120; Rothman et al., 1995:205). Nantel (2001:1) dui op die ervaring in die praktyk dat: "...more successful and more sustainable ... outcomes can be obtained if the community can be empowered to identify their own problems and to identify solutions and implement them through co-operative efforts and the mobilisation of local resources." Deelnemende Aksie-navorsing poog dus om gemeenskappe met navorsingskapasiteite toe te rus ten einde self betrokke te raak by hul eie probleme – dus 'n deelnemende benadering waarin die deelnemers die ondersoekers word (DePoy et al., 1999:560; Holman, 1987:680; Nantel, 2001:1; Pottier, 1993:1). McNicoll (1999:52) brei hierop soos volg uit: "Participatory action research puts research capabilities in the hands of the deprived and disenfranchised people so they can transform their lives for themselves."

MENSLIKE WELSTAND kan beskou word as die pogings wat deur 'n gemeenskap aangewend word ten einde 'n toestand van algehele gesondheid, emosionele gemak en ekonomiese sekuriteit te bereik (Barker, 1995:406). Menslike welstand behoort die kern en doel van die totale poging te wees en sluit welstand op alle vlakke in, soos die maatskaplike, psigologiese, fisiologiese, ekonomiese, tegnologiese, politieke, kulturêle en geestelike potensiaal van die mense in hul gemeenskapsopset (Kondrat & Juliá, 1997:37).

Die DAN model word ook in verband gebring met SELFVERTROUE. Rahman (1993:20-21) dui op die aankweking van selfvertroue in en die bemagtiging van die gemeenskap. Selfvertroue is die dryfkrag tot aktiwiteit wat 'n bewustheid van die eie kreatiewe bates vereis, die vertroue in die moontlikhede om probleme op te los, en die moed om uitdagende take aan te pak en die stamina om dit deur te voer. Die uiteindelike doel van die DAN model is dat die gemeenskap selfstandig en bemagtig word om deur aktiewe betrokkenheid hulself te help om die belemmeringe in hul gemeenskap te oorbrug (Beresford & Evans, 1999:673-674; Whyte et al., 1989:514).

GEMEENSKAPSDEELNAME beoog die skepping van 'n demokratiese stelsel om gemeenskapslede aktief betrokke te kry en om verantwoordelikheid te

aanvaar vir hul eie ontwikkeling (Burkey, 1998:56). Kondrat & Julia (1997:40) maak 'n sinvolle samevatting van die hoofdoel van ontwikkeling in die volgende woorde: "...the improvement of people's lives in human and social terms. As in the human development model, there is a special concern for the marginalized, disadvantaged sectors of a society." Die nastreef van emansipasie, liberalisering, vennootskap, deelname, aksie, maatskaplike regverdigheid, diversiteit, maatskaplike bewussyn en gelykheid is belangrik in hierdie model (Beresford & Evans, 1999:673-674; Morse, 1997:283; Whyte et al., 1989:514). Die fokus val op die betrokkenheid en deelname van al die rolspelers in die betrokke navorsingsprojek. Die begrippe deelname, navorsing en aksie is dus van kernbelang in hierdie model (Healy, 2001:94; Holman, 1987:680; Rahman, 1993:91).

Vanuit al die standpunte oor DAN is dit duidelik dat hierdie model omskryf kan word as 'n aktiewe, deelnemende, kapasiteitsbouende, betrokkemakende, aanmoedigende, mobiliserende en instaatstellende navorsingsprosedure waarin die totale gemeenskap en die navorser as gelyke vennote beskou word. Die doelstellings is die kollektiewe generering van kennis, die beplanning en bereiking van gemeenskaplike doelwitte en bemagtiging ten einde suksesvol in hul eie belang op te tree. Deurdat die gemeenskap op hierdié wyse betrokke raak, kan elkeen 'n rol speel ten einde die belemmering uit die weg te ruim, om die gemeenskaplike doelstellings te bereik en om die beskikbare hulpbronne optimaal te benut. Op dié wyse word die gemeenskap se maatskaplike funksionering, selfvertroue, lewenskwaliteit en welsyn in die wydste sin van die woord, verhoog.

## 3. KENMERKE VAN DEELNEMENDE AKSIE-NAVORSING

Die volgende kenmerke van die DAN model kan onderskei word (Burkey, 1998: 53; Collins, 1997:98; Collins, 1999:19; Cousins & Earl, 1995:148 and 172-174; Denzin & Lincoln, 1994:328; Green, 1998:362; Healy, 2001:98; Holman, 1987:681-682; Kondrat & Juliá, 1997:32; Morse, 1997:286-305; Pottier, 1993:1; Schurink, 1998:413-417; Sewpaul & Rollins, 1999:250).

- DAN is ingestel op keinnisontwikkeling soos enige navorsingspoging behoort te wees. Deelnemende Aksie-navorsing poog om die rol van kennis as 'n instrument vir mag en kontrole te vestig.

- DAN streef na die holistiese begrip van wyses waarop verandering moontlik is anders as die wat met tradisionele navorsing moontlik is. Die inwin van die standpunte van die benadeelde gemeenskap, die skepping van meganismes om akkurate en kritiese terugskouing op die maatskaplike werklikheid te verkry, die mobilisering van menslike potensiaal en hulpbronne om die stremminge op te los, is belangrik in hierdie model.

- DAN kan as toegepaste navorsing beskou word aangesien dit op praktiese probleemoplossing ingestel is.

- Die proses is gebaseer op die beginsel van selfontwikkeling waar mense hulself tot aksie moet organiseer en verbind.

- Al die konvensionele navorsingsgereedskap van maatskaplike navorsing word ook in DAN benut. Beide die kwantitatiewe en die kwalitatiewe paradigma kan benut word, afhangende van die doelstellings van die bepaalde projek. Kwalitatiewe prosedures is egter daartoe in staat om die werklike omvang van die houdings en gevoelens van die mense in die gemeenskap weer te gee en om die impak en aanvaarbaarheid van alreeds geïmplementeerde programme te peil. Fokusgroepe, in-diepte onderhoudsvoering en deelnemende waarneming word as prosedures in diè model benut.

- Die model funksioneer op 'n multi-dissiplinêre vlak waarin alle toepaslike professies by betrokke behoort te wees.

- Ondersteuning van die gemeenskap se pogings deur die sentrale regering, die besigheidsektor en die totale gemeenskap moet aangemoedig word. Ondersteuning kan in die vorm van finansies, infrastruktuur of hulpbronne aangebied word.

- Die gemeenskap moet daartoe in staat gestel word om verantwoordbaarheid vir die vordering van die projek en die bestuur van die hulpbronne te aanvaar.

- Die model vereis dat die navorser en die gemeenskap tot die hoogs moontlike mate gelyke vennote in die totale proses moet wees. Myns insiens is dit noodsaaklik dat 'n professionele navorser die inisiatief en leiding moet neem om die projek op 'n wetenskaplike grondslag van stapel te stuur. 'n Navorser kan ook alle rolspelers identifiseer en betrokke maak by die projek, kan ook as hulpbron dien en toesien dat verhoudings op 'n hoë vlak gehandhaaf word.

- Die bespreking van die gemeenskap se standpunte oor navorsing en hul verlangde uitkomste, op 'n aanvanklike en periodieke basis regdeur die projek, is deel van die spanboupoging in die DAN model.

- Die uitdaging in DAN is om die gemeenskap waarin die ondersoek gedoen word, korrek af te baken sodat betekenisvolle gedeeltes daarvan ingesluit kan word of nie-betekenisvolle dele buite rekening gelaat kan word. Soos wat die projek vorder, kom diversiteit tussen lede en individuele agendas na vore. Dit stel 'n uitdaging aan die navorser om die balans te handhaaf tussen die groep se agenda en elke individu se persoonlike agenda.

- 'n Magstryd mag op drie wyses in DAN ontwikkel: gemeenskapsnavorsers teen buite-navorsers, gemeenskapsnavorsers teen die groter gemeenskap en gemeenskapsnavorsers teen gemeenskapsnavorsers onderling.

- Om verbondenheid en toewyding van almal wat aan die projek deelneem te behou, kan 'n probleem in DAN wees omdat 'n verskeidenheid mense gelyktydig by die gemeenskap betrokke raak. Dit is belangrik dat alle betrokkenes tot 'n hoë mate ooreenstemming oor die projek moet hê, met respek vir mekaar se regte en die data-insamelingsprosedures waarop besluit is. Hierdie proses vereis onderhandeling en sinergisme, aangesien nuwe perspektiewe nie noodwendig die bestaande sienings omverwerp nie, maar hulle juis verder uitbrei en aanvul.

- 'n Deelnemende voorneme wat in 'n deelnemende proses moet oorgaan, kenmerk DAN. Elkeen betrokkene moet voortdurend voel dat hulle 'n bydrae maak wat vir die self en die groep betekenis inhou. Faktore wat hier 'n rol speel is die onvoorspelbaarheid van die verloop van die navorsingsprojek en voortdurende veranderinge wat in die beplande tydskaal mag ontstaan.

- In die atmosfeer van gedeelde kontrole en ondersteuning moet alle rolspelers aangemoedig word om aktief enduit deel van die proses te vorm.

- 'n Sisteembenadering tot DAN is belangrik. Die neiging is om probleme van beide 'n intra- en interpersoonlike perspektief te ondersoek. 'n Sisteemoplossing tot die probleem wat uit die groter maatskaplike struktuur voortspruit, is hier van belang.

- Stamina en geduld word vereis van almal wat aan 'n DAN projek deelneem ten einde die mededingende eise vir onmiddellike aksie op te weeg teen betekenisvolle deelname en die wetenskaplike verloop van die proses. Die eise wat aan tyd en energie gestel word, is hoogs onvoorspelbaar en sal heelwaarskynlik die oorspronklike tydskedule oorskrei. Sonder buigsaamheid sal deelname aan die projek en bemagtiging van die gemeenskap nie plaas vind nie.

- Die bestaande vlak van kennis, ondervindinge, waardes en kultuur van die gemeenskap moet voortdurend erken en tot die volle potensiaal daarvan benut word.

- DAN erken die siening dat die oorspronklike oorsake van benadeling in die makro-maatskaplike sisteme van die samelewing geleë is en dat verandering slegs moontlik is as die bestaande maatskaplike orde transformeer.

- Hierdie model ondersteun die konflikteorie wat impliseer dat alle gemeenskappe gekenmerk word deur twee groepe mense: die wat besittings het en die wat nie het nie. Die dinamiek in die gemeenskap is sodanig dat die wat het hul bevoorregte posisie wil behou en die wat nie het nie hierdie bevoorregtes se mag wil bekom.

- DAN is daarop ingestel om deelnemers te bemagtig om kontrole oor die ekonomiese en politieke aspekte van hulle lewens te neem. 'n Skuif moet plaasvind vanaf die afhanklikheidsmodel na die bemagtigingsmodel met 'n deelnemende benadering waarin gemeenskappe vir hulself dinge kan doen ten einde kapasiteit te bou en uiteindelik hul lewenskwaliteit te verhoog.

- Hierdie model impliseer 'n proses van kollektiewe terugskouing en selfbewuswording ten einde die minderbevoorregtes te help om hul vertroue in hulself te herwin. Op dié wyse word die gemeenskap aangemoedig om hul ervaringe van die probleem met ander te deel en sodoende hulle weg uit die probleem te vind.

- DAN gaan ook van die standpunt af uit dat die bestaande probleem sy ontstaan in die gemeenskap self gehad het. Die deelnemers moet dus in beheer wees van die omlyning van die probleem, die data-insameling en die gevolglike aksie.

- Projekte moet op so 'n wyse geïmplemeteer word dat die gemeenskap eienaarskap daarvoor kan aanvaar en die benodigde dienste in die gemeenskap kan deurvoer. Die gemeenskap moet deurentyd ondersteun word om hul volle potensiaal te bereik.

- Die DAN model veronderstel 'n voortdurende proses van interaksie tussen navorsing, aksie, interpretasie, terugskouing en evaluasie deur die gemeenskapslede self. Aksie en verandering behoort regdeur die navorsingsproses plaas te vind.

- Hierdie model fokus op kapasiteitsbou wat werk na bevoegdheid, waardigheid, respek en 'n begeerte om te groei en deel te neem.

- Die prosesse van samewerking, mobilisering, bemagtiging, selfverwesenliking en gemeenskapsolidariteit is belangrik in hierdie model.

- Die uiteindelike doel van DAN is om selfagting, selfvertroue en die reg tot selfbeslissing by die gemeenskap te verhoog.

- Die gemeenskap moet ook aangemoedig word om krities te reflekteer op die bevindinge van die ondersoek en om aanpassings daaraan te maak, indien dit nodig sou wees. Aksie kan dan geneem word op die voorgestelde bevindinge.

- Voortdurende toesig oor die proses, openheid tot dialoog en die toewyding om empaties te reageer op die eise vir deelname en aksie met die oog op praktiese probleemoplossing, is noodsaaklik in hierdie model.

## 4. PROSES VAN DEELNEMENDE AKSIE-NAVORSING

Die proses in DAN word deur verskillende outeurs beskryf. Die volgende ontleding van die proses word gebou op die standpunte van Bless & Higson-Smith (1995:56-59); Collins (1999:42-43 en 108-117); Kahn (1994:2, 11-12 en 95); McNicoll (1999:57-58); Morse (1997:285); Schurink (1998:417); Van Rooyen (1998:82-84) en Whyte et al. (1989:535).

- Inskakeling by die gemeenskap

Versoeke om hulp in 'n bepaalde gemeenskap word dikwels aan maatskaplike werkers en ander professionele persone gerig. 'n Navorser mag self bewus word van 'n probleem in 'n gemeenskap of die gemeenskap mag self by monde van hul leiers die navorser versoek om te help met die identifisering en formulering van die probleem. Ideaal gesproke, moet die versoek vir sodanige aksie navorsingsprojek uit die gemeenskap self na vore kom. Wat ookal die geval mag wees, behoort kontak met die gemeenskap op voetsoolvlak gemaak te word sodat toegang aan die navorser op die korrekte wyse verleen kan word.

Die uitwerking van die intrede van 'n buite-navorser op die gemeenskap kan maklik onderskat word. 'n Navorser het die onsekere en tydrowende taak om die vertroue van die gemeenskap te wen en hulle dan in die ondersoek geïnteresseerd te kry. Alle individue in die gemeenskap behoort inspraak te hê in wat hul dink hul probleem is en wat daaraan gedoen behoort te word ten einde hul daartoe in staat te stel om self verdere aksie te onderneem. 'n Vorm van verteenwoordiging vanuit die gemeenskap moet alreeds in hierdie vroeë stadium van die projek verkry word.

Alle etiese aspekte van maatskaplike navorsing moet deeglik regdeur die ondersoek gemonitor word. Ingeligte toestemming, misleiding van deelnemers, skending van privaatheid en die herstelling van deelnemers na voltooiing van die projek, kan egter hier uitgesonder word as van besondere belang in die DAN model (Babbie, 2001:475; Hakim, 2000:143; Neuman, 2000:229; Yegidis & Weinbach, 1996:34).

- Probleemidentifisering en probleemstelling

Mense, en veral gemarginaliseerde en minderbevoorregte mense, het dikwels hul eie agenda oor wat in hul gemeenskap moet gebeur en moet dit ten alle koste eerbiedig word. Ten einde 'n duidelike beeld van die werklike probleem in die gemeenskap te verkry, moet inligting oor die probleem en die konteks waarbinne dit plaasvind, ingesamel word. Die ontginning van verhoudings met die lede van die gemeenskap ten einde die werklike gevoel van die probleem te kry, is belangrik in die DAN model. Die vestiging van verhoudings met die wettige gemeenskapsleiers om toegang tot die gemeenskap te verkry, is noodsaaklik. 'n Kollektiewe sin van duidelikheid met betrekking tot die presiese aard van die probleem behoort hierna ontwikkel te word. Areas soos werkloosheid, indiensneembaarheid, werkskuheid, inkomste patrone, vlakke van armoede en politieke kontrole behoort intensief ondersoek te word. Alle rolspelers moet dan gesamentlik die omvang van die voorgenome onderneming in oorweging neem.

Die navorser sal sy eie tydraamwerk moet hê van wanneer die projek afgehandel moet wees, maar sal die tempo waarteen die gemeenskap beweeg deeglik in ag moet neem. Die kontinuïteit van die verhoudingstruktuur in die DAN model onderskei dit ook van tradisionele navorsing. Tradisionele navorsers verlaat die veld nadat die navorsing voltooi is – in die DAN model bestaan voortgaande betrokkenheid. Die verhouding van wedersydse agting vir mekaar mag mettertyd vervaag, maar die verhouding behoort nie totaal verbreek te word nie. Met gemarginaliseerde gemeenskappe moet verhoudings veral met sorg hanteer word.

- Doelstellings en doelwitte

Sodra 'n gemaklike werksverhouding gevestig is, is die tyd gereed om aan die doelstellings en doelwitte van al die subgroepe wat aan die projek gaan deelneem, te werk binne die raamwerk van die beleidsmaatreëls van die sentrale regering. In die meeste gevalle sal die subgroepe se doelstellings van mekaar verskil en moet die navorser deeglik beplan om alle belangegroepe se siening van die probleem te akkommodeer. Vanuit al die verskillende agendas moet die

navorser dan op hierdie stadium die finale doelstellings en doelwitte formuleer wat tot 'n mate al die moontlike agendas in ag moet neem.

- Onderhandeling

Die navorser moet noukeurig daaraan aandag skenk dat die sogenaamde verteenwoordigers van die gemeenskap die werklike verteenwoordigers van alle sektore en belangegroepe van die gemeenskap is en dat alle fasette van die probleem verteenwoordiging verkry. Onderhandeling moet gevolglik tussen die navorser en die demokraties verkose verteenwoordigers van die gemeenskap plaasvind. Gesamentlik behoort hulle alle aspekte van die probleem te ondersoek sodat hulle relevante strategieë vir verandering kan voorstel.

Groepsdinamika speel 'n belangrike rol in die DAN model. Daar moet gefokus word op die feit dat almal op die korrekte wyse deel neem, sodat lede mekaar nie oorheers nie en almal gelyke geleenthede het om by die totale proses betrokke te wees. Groepsdinamika bepaal tot 'n mate die sukses of mislukking van die projek. Die navorser moet bereidwillig wees om van en saam met andere te leer en om sensitief, aanpasbaar, geduldig, empaties en buigsaam te wees. Die kapasiteit om van tyd tot tyd die proses krities te deurskou en dan die nodige aanpassings te maak, bly noodsaaklik in DAN. Die insette moet onder alle omstandighede van die gemeenskap af kom en nie net van die navorser af nie. Die gemeenskap moet juis eienaarskap van die totale proses aanvaar.

- Beplanning

Gedurende hierdie fase moet die individuele standpunte van die deelnemers geïntegreer word in die breër konteks van die totale probleemsituasie. Die navorser behoort die inherente sterktes, vaardighede en swakhede van die gemeenskap te eksploreer en uit te ken. Die navorsingsvrae vir die ondersoek behoort nou verfyn te word sodat elkeen betrokke in die ondersoek presies kan weet wat van hulle verwag word en wat hulle kan bydra ten opsigte van die data-insameling en analise van die ondersoek. Om die punt van gedeelde begrip te bereik sal heelwaarskynlik lang besprekings en geduld verg. Die bepaling van wat alles geëvalueer moet word en hoe dit geëvalueer moet word, is van kernbelang in hierdie stadium.

Alle groepe moet voorberei word om saam te werk aan 'n oplossing vir die probleem en om al die beplande doelstellings te bereik. Dit moet presies bepaal word watter inligting nodig is om die probleem te omlyn en hoe om daardie data in te samel. Die hele span moet saam werk om die totale projek in hanteerbare opdragte en take te verdeel en om die verskillende verantwoordelikhede vir elk van hierdie take tussen die deelnemers te verdeel.

- Implementering

Gedurende hierdie fase word die aard en presiese konteks van die gemeenskap se beperkinge bepaal deurdat die werklike navorsing ter sprake kom. Hierdie fase beteken verder dat die data-insamelingstegnieke toegepas word, nadat die voorgestelde navorsingsmetodologie vir die ondersoek sorgvuldig oorweeg is. Afgesien van die bekende formele navorsingsprosedures stel Weyers (2001:115-130) ook die tegniek om kwelvrae uit te lig, gemeenskapselfopname tegnieke en deelnemende assesseringstegnieke as informele navorsingstegnieke voor.

Die behoeftes en hulpbronne van die gemeenskap moet nou sistematies geassesseer word en die nodige inligting om die geskikte aksie te weeg te bring, ingesamel word. Soms het DAN die klem op navorsing en soms op aksie. Die vooronderoek is belangrik ten einde die doelstellings van die studie uit te klaar en die rigting wat aksie moet inslaan, te bepaal. Dit sal die navorser se bewustheidsvlakke van die totale situasie verhoog en is belangrik om sydigheid teen te werk. Dit is van kritieke belang om alreeds in die aanvanklike stadium van die ondersoek die doelstellings te spesifiseer en 'n behoorlike balans tussen navorsings- en aksie doelstellings te handhaaf. Spanning tuseen navorsings- en aksie doelstellings sal in die meeste projekte teenwoordig wees, en moet herhaaldelik bespreek en uitgeklaar word.

- Analise van die data

Na die implementeringsfase moet die analise van die ingesamelde data noukeurig gedoen word en in sekere vooraf bepaalde temas gerangskik word ten einde die evaluasie van die data te vergemaklik.

- Evaluasie

Die evaluasie van data word sodanig gedoen dat die navorser 'n navorsingsverslag van hoë gehalte kan skryf wat ook vir die gemeenskap en ander potensiële lesers van belang mag wees. Evaluasie behoort altyd deel van die totale proses te wees, bedoelende die mate waartoe die doelstellings bereik is, die vlak van vaardighede en bemagtiging wat in die gemeenskap ontwikkel is en die voordele wat deelname vir die gemeenskap inhou.

- Verslagskrywing

Nadat die evaluasie van die data voltooi is, word die bevindinge geboekstaaf in die navorsingsverslag. 'n DAN navorsingsverslag behoort die volgende afdelings te bevat, naamlik: agtergrondsinligting, probleemstelling, navorsingsvrae, doelstellings, doelwitte, literatuuroorsig, navorsingsmetodologie, 'n bespreking van die rolspelers, die prosessering en verslagdoening oor data, die bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings.

- Die deurvoer van die voorgestelde aksie

Die ontwikkeling van die program van aksie en die deurvoer daarvan volg op die aanbevelings van die navorsingsverslag. Die navorsingsbevindinge stel sekere aksies voor wat deur al die vennote in die proses gevolg moet word. Die magstruktuur in die gemeenskap kan deur 'n verskeidenheid aksies deurgevoer word, soos oorreding, self-help programme, magstaktieke en politieke aksie.

- Evaluasie van die uitkomste

Hierna word die resultate van die aksie deurskou en volg daar dikwels 'n verdere periode van navorsing. Afhangende van hierdie resultate, mag dit nodig wees om die oorspronklike aksie wat geneem is, in heroorweging te neem. Op hierdie wyse gaan aksie en navorsing voort as alternatiewe prosesse in die oplossing van die probleem. Die aksie gedeelte van die proses hou die navorsing relevant, inisieer verdere navorsing en implementeer die navorsingsbevindinge, terwyl die navorsingsgedeelte die aksie rig en evalueer.

## 5. DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE

'n Verskeidenheid data-insamelingstegnieke kan in die DAN model benut word. Afgesien van die formele navorsingsprosedures soos opnames, deelnemende waarneming en enkelstelsel, bespreek Collins (1999:59-61); Schurink, (1998:416-417) en Van Rooyen (1998:85-87) 'n verskeidenheid van groepformate om data in te samel, naamlik:

- Gemeenskapsforums

Gemeenskapsforums staan ook as gemeenskapsvergaderings bekend wat voorsiening maak vir groepe tot en met 50 deelnemers. Die doelstellings van hierdie sessies is om idees te genereer, om 'n greep op die gemeenskap se perspektiewe oor die probleem te verkry en om die gemeenskap van al die aspekte bewus te maak. Dit kan ook met die tegniek om kwelvrae uit te lig vergelyk word en word deur (Weyers, 2001:115-116) as die sogenaamde "issue raising technique" beskryf. Die tegniek van dinkskrum kan ook tydens hierdie sessies benut word. Collins (1999:59) vermeld: "Brainstorming involves us suspending our judgement by allowing anything related to the focal issue to come into our heads, without us criticising it." Al hierdie verskillende idees behoort op 'n bord of blaaibord aangeteken te word en dan een vir een bespreek te word. Dit sal die vlak van gemeenskapsbelangstelling, deelname en bespreking van verskillende standpunte oor die onderwerp, deeglik na vore bring. Die forum mag opgedeel word in 'n aantal kleiner groepe met 'n leier elk en die versoek om terugvoer aan die groot groep te gee. Gemeenskapsforums moet deeglik vooraf beplan word ten einde die hoogs moontlike vlak van sukses daarmee te bereik.

- Nominale groepe

Die nominale groep is tipies 'n kleingroeptegniek wat vir ongeveer 10 lede benut word, nadat die behoeftes en probleme van die gemeenskap geprioritiseer is by wyse van gemeenskapselfopname tegnieke (Weyers, 2001:116-120) en spesifiek wanneer die mense se standpunte vir verdere aksie of beplanning benodig word. Die nominale groep mag 'n deel van die oorspronklike gemeenskapsforum wees wat bestaan uit persone wat in 'n besondere deel van die probleem geïnteresseerd is of daarby betrokke wil wees.

- Werkswinkels

'n Werkswinkel maak normaalweg voorsiening vir 'n groter groep as die gemeenskapsforum, maar is 'n baie spesifieke teikengroep, soos byvoorbeeld die onderwysers in die gemeenskap. Dit vind gewoonlik plaas nadat die voorondersoek en sekere aanpassings afgehandel is en sekere verfynings gedoen moet word om aan die gemeenskap se voorkeure te voldoen. Werkswinkels kan in verband gebring word met deelnemende assesseringstegnieke, soos rangorde, puntetellings-, karterings- en diagrammatiese voorstellingstegnieke (Weyers, 2001:121-130) met die fokus op 'n wederkerige leerproses tussen die navorser/praktisyn en die gemeenskap. Deelnemers moet ook gesensiteer word ten opsigte van hul situasie en aangemoedig word om hul eie aksie-strategieë en strukture in plek te kry.

- Fokusgroepe

'n Fokusgroep word gebruik wanneer 'n spesifieke homogene groep van ongeveer 8-12 lede bymekaar gebring word om hul spesifieke kennis, ervaring en vlak van uitnemendheid tot 'n probleemarea, met die ander te deel ten einde te streef na probleemoplossing. In-diepte peiling van die probleem behoort plaas te vind en kwaliteitoplossings vir die probleem moet verkry word. Gestruktureerde deelname aan die proses is van besondere belang. Meer as een fokusgroep mag benut word om die resultate van die ondersoek te verhoog.

- Storievertellery

In storievertellery as tegniek behoort elke lid van die groep sy/haar eie storie te vertel deurdat hulle hul weergawe van en standpunte oor hul belewenis van die stremminge in die gemeenskap aan mekaar bekend sal maak. Die vertel van stories word geassosieer met die narratiewe benadering in hulpverlening. Die verhaal kan gebaseer word op 'n dagboek of ander vorme van die geskrewe woord of dit kan bloot op die geheue en herinneringe van gemeenskapslede berus. Hierdie tegniek behoort die dinamiek en aksie wat buite die groep plaasgevind het, weer te gee en kan ook met die geskiedenis van die probleem in verband gebring word. Storievertellery mag ook die ondervindinge wat binne die

groep opgedoen is of deur 'n ander persoon se verhaal in herinnering geroep is, reflekteer.

- Drama

Drama of teater/opvoering impliseer dat 'n lid of lede van die groep hul verhaal uitspeel in plaas daarvan om dit aan die groep te vertel. Groeplede kan individueel of in groepsverband hul besondere verhaal uitbeeld. Een persoon speel normaalweg die hoofrol in die verhaal en die ander vertolk rolle wat aan hulle toegeken is. Die toeskouers in die groep interpreteer die betekenis van die rollespel/opvoering en gee kommentaar daarop na aanleiding van hul persepsies daarvan. Elke lid van die groep behoort 'n beurt te kry om aan die opvoering deel te neem en om waar te neem sodat elke lid van die groep verskillende perspektiewe op die situasie mag verkry.

## 6. VOORDELE VAN DIE DAN MODEL

Die volgende voordele van die DAN model kan onderskei word. Die volgende outeurs se standpunte word in die bespreking geïnkorporeer (Bless & Higson-Smith, 1995:60-61; DePoy et al., 1999:567; Holman, 1987:681; McNicoll, 1999:52; Morse, 1997:288; Van Rooyen, 1998: 80–89; Whyte et al., 1989:515; 536-537 en 550).

- Hierdie model lei direk tot aksie omdat die persone wat daarby betrokke is, juis ook die betrokkenes by die probleem is. Op hierdie wyse word 'n permanente proses van aksie aan die gang gesit wat kan lei tot voortdurende aksie in daardie gemeenskap.
- Die DAN model is relevant en buigsaam omdat daar met mense gewerk word.
- Die model is hoofsaaklik 'n selfdoen- en praktyk georienteerde prosedure.
- DAN kan 'n positiewe uitwerking hê om verandering te stimuleer, te begelei en in stand te hou.

- Die navorsingsproses self, en nie net die uitkomste nie, sal alreeds verandering in en transformasie na die oplossing van die probleem tot gevolg hê.
- Die doel van DAN is om verandering 'n self-genererende en self-onderhoudende proses te maak wat voortduur lank nadat die navorsing afgehandel is.
- Dit kan lei tot 'n herbesinning en rekonstruering van verhoudings sodat die uitwerking van die proses ook in die toekoms ingedra kan word.
- Beide die navorser en die gemeenskap doen waardevolle kennis, ervaring en vaardighede vanuit die proses op. Die navorser verkry eerstehandse ondervinding van 'n verskeidenheid gemeenskapsprobleme en die doeltreffendheid van verskillende oplossings. Die lede van die gemeenskap word weer bemagtig om hul eie probleme op te los.
- Die DAN proses tree vanaf die beginfase in 'n samewerkende verhouding met die totale gemeenskap ten einde die stremminge uit die weg te ruim. Die deelnemers in hierdie model ontvang iets in ruil vir hul insette en word nooit as blote verskaffers van inligting beskou nie.
- Afgesien van die voorhandliggende voordele van hierdie model om struikelblokke uit die weg van die gemeenskap se welsyn te haal, leer die gemeenskap ook om self hul eie probleme op te los, hul hulpbronne korrek te benut en om probleemoplossende strategieë te benut wat in die toekoms tot die gemeenskap se voordeel sal strek.
- Die DAN model is van besondere waarde vir ontwikkelende lande waar die gemeenskappe 'n behoefte het aan onmiddellike oplossings vir hul probleme. Die model stel individue, organisasies en gemeenskappe daartoe in staat om vaardighede aan te leer en om self in die toekoms hulpbronne doeltreffend te bekom en te benut.
- Hierdie model oorbrug die gaping tussen navorsing eñ praktyk. Dit behels nie slegs kennisgenerering nie, maar ook praktykintervensie.

- 'n Multi-dissiplinêre benadering is belangrik in die DAN model, omdat die meeste probleme van sodanige aard is dat 'n verskeidenheid gesondheidsdissiplines by die oplossing daarvan teenwoordig moet wees.

- Die navorser word regdeur die proses voor uitdagings gestel as gevolg van die standpunte en argumente wat deur die verskillende deelnemers gehandhaaf word.

- Die algemene plooibaarheid en openheid van die DAN model beïndruk. Die betrokkenheid van 'n verskeidenheid spanlede in die totale poging, leen homself tot eerlikheid oor die beperkings van slegs teoretiese modelle wat beperkend op waarneming en denke kan inwerk.

- Die motivering van die navorser word verhoog wanneer vordering en bemagtiging in die gemeenskap waargeneem word.

7. NADELE VAN DIE DAN MODEL

'n Sintese word hier gemaak van verskillende standpunte en die outeur se eie persepsies van die nadele van DAN (Bless & Higson-Smith, 1995:60-61; Cousins & Earl, 1995:155; Healy, 2001:96 en 102-103; McNicoll, 1999:52; Van Rooyen, 1998:87; Weyers, 2001:113; Whyte, 1991:203).

- As daar met minderbevoorregte groepe gewerk word, soos vrouens, bejaardes en kinders, kan hulle selfs nog meer deur die navorsingspoging uitgebuit en benadeel word as wat die geval in elk geval is.

- Die feit dat die DAN metodologie waardegerigtheid voorstaan en in noue verhouding met die gemeenskap gedoen word, bring die model in konflik met die beginsel van objektiwiteit.

- Probleme mag ontwikkel met die werklike magsverdeling tussen navorsingsvennote.

- Die huidige gewildheid van hierdie model kan potensieel gevaarlik wees in die sin dat dit die enigste aanvaarde manier kan word waarop navorsing in die menswetenskappe uitgevoer behoort te word.

- Deurdat die kritiese bewussynsvlakke van onderdrukte mense erken word en kollektiewe optrede by die gemeenskap aangemoedig word, kan DAN 'n utopiese beeld by die mense skep om 'n regverdige maatskaplike orde tot stand te bring.

- DAN kan problematies wees in kruis-kulturêle toepassing. In sommige gemeenskappe byvoorbeeld word bejaardes met hoë agting behandel, terwyl dit in ander gemeenskappe nie 'n hoë prioriteit inneem nie. Sommige kultuurgroepe spreek byvoorbeeld nie hul konflik verbaal uit nie, terwyl ander die uitdrukking van konflik as gewens beskou.

- Die feit dat konflik tussen navorsing en aksie in hierdie model mag ontstaan, kan ook as 'n nadeel van hierdie model beskou word.

- Dit neem baie tyd en mensekrag in beslag om 'n Deelnemende Aksie-navorsingspoging van stapel te stuur. Die aanloop tot die projek kan selfs al baie tydrowend en arbeidsintensief wees.

- In DAN projekte is dit moeilik, en soms selfs onmoontlik, om inwerkende veranderlikes te beheer. Dit is daarom moeilik om positiewe uitkomste uit al die pogings te voorsien en ook te kan sê dat die veranderinge noodwendig aan die navorsingsinsette toegeskryf kan word.

- Die fokus in hierdie model op slegs een gemeenskap verhoed natuurlik die veralgemening van navorsingsbevindinge na ander gemeenskappe. Oplossings vir 'n bepaalde probleem wat in een gemeenskap ontwikkel is, kan nie summier na 'n volgende gemeenskap veralgemeen word nie.

- Die DAN model mag sekere praktiese uitdagings bied, aangesien dit werklike toewyding van die gemeenskap aan die totale navorsingsprojek vereis. Gemeenskapsprosesse is kompleks, tydrowend en dikwels moeilik om aanvanklik te begryp en daarby in te skakel. Die waargenome of verwagte struikelblokke in die gemeenskap sal dikwels nie dieselfde wees as die ware behoeftes in die gemeenskap nie.

- Dit mag ook 'n probleem skep om die gemeenskap eienaarskap van die totale proses te laat aanvaar.
- Die inagneming van alle toepaslike etiese kwessies in die totale proses mag ook besondere uitdagings bied.

## 8. SAMEVATTING

In die Deelnemende Aksie-navorsingsmodel val die klem op die deelname en betrokkenheid van alle rolspelers, bedoelende die meerderheid lede van die betrokke gemeenskap en die navorser. Hierdie model is ingestel op maatskaplike regverdigheid en gelykheid van alle mense in veral agtergeblewe gemeenskappe wat magteloos en benadeel is. Die gemeenskapswerkproses en die navorsingsproses werk aanvullend in hierdie model en word die sogenaamde grense tussen die twee vaag. Begrippe soos gemeenskap, mobilisering, kapasiteitsbou, bemagtiging, menslike welstand, selfvertroue en gemeenskapsdeelname speel 'n belangrike rol in die DAN model. Die Deelnemende Aksie-navorsingsmodel hou vir alle helpende professies sterk moontlikhede in om in die toekoms oor vakgrense heen gemeenskappe met kennis en vaardighede te bemagtig sodat hierdie gemeenskappe al hoe meer hul eie probleme kan omlyn en op los.

## VERWYSINGS

Babbie, E. 2001. The practice of social research. London: Wadsworth.

Beresford, P. & Evans, C. 1999. Research and empowerment. **British Journal of Social Work,** 29(5): 671-677, October.

Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. Fundamentals of social research methods: an African perspective. Kenwyn: Juta and Co.

Boersema, N. & Maconachie, M. 1995. Between practice and paradigm: an exploratory study in participatory evaluation. Pretoria: Human Sciences Research Council.

Burkey, S. 1998. People first: a guide to self-reliant, participatory rural development. London: ZED Books.

Collins, K. 1997. Participatory process in the construction of a model for organisational change in South African welfare. **Social Work/Maatskaplike Werk,** 33(2): 98-109, June.

Collins, K. 1999. Participatory research: a primer. Johannesburg: Prentice Hall.

Cousins, J.B. & Earl, L.M. 1995. Participatory evaluation in education: studies in evaluation use and organizational learning. London: Falmer Press.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 1994. Handbook of qualitative research. London; SAGE Publications.

DePoy, E.; Hartman, A. & Haslett, D. 1999. Critical action research: a model for social work knowing. **Social Work,** 44(6): 560-569, November.

Green, S. 1998. Community practice: opportunities for community building. **Social Work/Maatskaplike Werk,** 34(4): 362-369, October.

Hakim, C. 2000. Research design: successful designs for social and economic research. London: Routledge.

Healy, K. 2001. Participatory action research and social work: a critical appraisal. **International Social Work,** 44(1): 93-105.

Holman, B. 1987. Research from the underside. **The British Journal of Social Work,** 17(6): 669-683, December.

Kahn, S. 1994. How people get power. Washington: NASW Press.

Kondrat, M.E. & Juliá, M. 1997. Participatory action research: self-reliant research strategies for human social development. **Social Development Issues,** 19(1): 32-49.

Marais, H.C.; Muthien, Y.; Jansen van Rensburg, N.S.; Maaga, M.P.; De Wet, G.F. & Coetzee, C.J. 2001. Sustainable social development: critical issues. Pretoria: Network Publishers.

McNicoll, P. 1999. Issues in teaching participatory action research. **Journal of Social Work Education**, 35(1): 51-62, Winter.

Morse, J.M. 1997. Completing a qualitative project: details and dialogue. London: SAGE Publications.

Nantel, G. 2001. Community Based Nutrition Programming (CBNP). Lecture delivered by Dr G Nantel, senior officer, Planning, Assessment and Evaluation Service: Food and Nutrition Division of the Food and Agricultural Organization (FAO) of the United Nations on 29 March 2001 at the PU for CHE, Potchefstroom.

Neuman, W.L. 2000. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. London: Allyn and Bacon.

Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk. 1995. Cape Town: CTP Book Printers.

Pottier, J. 1993. Practising development: social science perspectives. London: Routledge.

Rahman, A. 1993. People's self-development: perspectives on participatory action research. London: ZED Books.

Rothman, J.; Erlich, J.L. & Tropman, J.E. 1995. Strategies of community intervention: macro practice. Itasca: F.E. Peacock Publishers.

Schurink, E.M. 1998. Participatory action research as a tool for sustainable social development and reconstruction. (**In** De Vos, A.S. **ed.** Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: J.L. van Schaik. p.405-418.)

Sewpaul, V. & Rollins, N. 1999. Operationalising developmental social work: the implementation of an HIV/AIDS project. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 35(3): 250-263, August.

Van Rooyen, C. 1998. Democratising social work research. (**In** Gray, M. **ed.** Developmental social work in South Africa: theory and practice. Johannesburg: David Philip Publishers. p.77-91.)

Weyers, M.L. 2001. The theory and practice of community work: a South African perspective. Potchefstroom: Keurkopie.

Whyte, W.F.; Greenwood, D.J. & Lazes, P. 1989. Participatory action research: through practice to science in social research. **American Behavioral Scientist,** 32(5): 513-551, May/June.

Whyte, W.F. 1991. Participatory action research. London: SAGE.

Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997. Pretoria: Departement van Welsyn.

Yegidis, B.L. & Weinbach, R.W. 1996. Research methods for social workers. London: Allyn and Bacon.